

Kammaland - v:


Goeie dag maat! Is jy reg om in Kammaland te gaan kuier? Vat mamma, pappa of jou teddiebeer se hande en maak jou ogies toe. Draai drie keer in die rondte. Stop, maak oop jou ogies en gaan sit sommer net daar waar jy is.

“Hallo maatjie! Gaan dit nog goed met jou?” vra Willie. “Is dit vir jou lekker in die skool? Kan jy nog my klankie onthou? Sjoë, jy het hom mooi onthou! Vandag wil ek jou aan my maatjie hier in die dammetjie voorstel. Haar naam is Vinnie vis! Vinnie, sê hallo vir ons maatjie.”

“Hallo maatjie! My naam is Vinnie en ek swem maar altyd hier in die dammetjie rond. Op 'n dag het ek so moeg geraak om net hier rond te swem. Ek wou ook graag sien hoe dit buite hierdie dammetjie lyk. Ek besluit toe om uit die dammetjie te spring! Ek duik toe dieeeeep.... na onder en probeer toe om van daaronder af te spring. Ai maatjie, al wat ek kon regkry was dat net my ogies bo die water kon uitloer. Ek was so teleurgesteld! Dink jy dat dit 'n goeie plan van my was?”

“Dit was beslis nie Vinniel!” sê Willie. “Maatjie, wat sou met ou Vinnie gebeur het as sy uit die water gespring het? Wel Vinnie, jy moet dit nooit weer doen nie hoor! Haai Vinnie, weet jy wat, jy het jou naam se letter geduik!”

“Sowaar Willie! Vertel vir my en die maat!”



“Jy het mos diep afgeduik en toe weer opgekom — dit maak 'n “v”! Sien jy maatjie! Probeer dit nou in die lug skryf, oefen dit op die vloer en op teddie se rug,” sê Willie.

“Baie dankie Willie en Vinnie! Ons is sommer baie bly dat Vinnie nog veilig in haar dammetjie hier in Kammaland is! Maatjie, gaan kyk nou of jy aan woordjies kan dink wat met 'n “v” begin.”

Vat weer mamma, pappa of teddie se hande, maak toe jou oë en draai drie keer in die rondte. Maak nou oop jou oë en onthou om jou nuwe klankie te oefen.

